Moses se geskiedenisles

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie: *Deuteronómium 1–3, Exodus 32:29–32, Númeri 14, Efésiërs 3:10, Génesis 15:1–16, Johannes 14:9.*

Geheueteks: "en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus" *(I Korinthiërs 10:3, 4).*

Dit is die woorde "waarmee Moses die hele Israel toegespreek het" *(Deuteronómium 1:1)*. So begin die boek Deuteronomium. En ja, hoewel Moses en ook sy teenwoordigheid die boek oorheers, vanaf hierdie openingswoorde tot en met sy dood in die land van Moab *(Deuteronómium 34:5)*, handel Deuteronómium (net soos die hele Bybel) eintlik oor die Here Jesus. Want Hy is die Een wat ons geskep het *(Génesis 1, 2; Johannes 1:1–3)*, ons in stand hou *(Kolossense 1:15–17, Hebreërs 1:3)*, en ons verlos *(Jesaja 41:14, Titus 2:14)*. En, kortliks gestel, Deuteronómium openbaar hoe die Here aanhou skep, in stand hou en sy volk in hierdie kritieke tyd van die verlossingsgeskiedenis, verlos.

Eintlik gee Moses aan die kinders van Israel 'n geskiedenisles net voor hulle Kanaän binnegaan, 'n tema wat regdeur die Bybel herhaal word: *onthou wat die Here vir julle in die verlede gedoen het.*

Hierdie vermaning moet ook vir ons van belang wees, ons wat op die grens van 'n beter Beloofde Land staan: "As ons terugkyk na ons verlede, hoe ons stap vir stap gevorder het tot op hede, . . . is ek met verbaasdheid vervul, en met vertroue in Christus, ons leier. Ons het niks om te vrees vir die toekoms nie, behalwe as ons sou vergeet hoe die Here ons in die verlede gelei en geleer het." — Ellen G. White, *Life Sketches*, bl. 196, *(vry vertaal)*

** Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 9 Oktober.*

Die bediening van Moses

Die teenwoordigheid van Moses word regdeur die Bybel gevoel. En alhoewel hy nie voor Exodus 2:2 genoem word nie, het hy die boek Génesis, God se gesaghebbende en grondliggende verhaal van wie ons is, geskryf, hoe ons hier gekom het, waarom dinge so sleg gaan, en tog, hoekom ons nog hoop kan koester. Die skepping, die sondeval, die belofte van verlossing, die vloed, Abraham, die evangelie — al hierdie het hulle grondslag in Génesis, en die outeur daarvan was die profeet Moses. Dit is moeilik om die invloed van hierdie een man, wat eintlik nie onberispelik was nie, ten volle te peil, maar nieteenstaande daarin geslaag het om God se invloed te laat geld omdat hy die Here liefgehad het en Hom wou dien.

Lees **Exodus 32:29–32 waar die gesprek tussen die Here en Moses opgeteken is nadat die verskriklike sonde van die aanbidding van die goue kalf plaasgevind het. Watter insig gee hierdie verhaal ons oor die karakter van Moses en waarom, ten spyte van sy tekortkominge, die Here hom op so 'n magtige wyse kon gebruik het?**

_____

_____

Selfs al het Moses niks met die sonde te doen gehad nie, het hy gepoog om vir hierdie sondige volk in te tree, en was hy selfs gewillig om sy eie lewe vir hulle op te offer. Dis baie interessant dat waar Moses in Exodus 32:32 vir God vra "as U tog maar hulle sonde wou vergewe", die werkwoord vir "vergewe" eintlik "dra" beteken. Moses het hierdeur — met sy begrip van die ernstigheid van sonde en wat dit sou neem om daarvoor versoening te bewerkstellig — vir God gevra om inderdaad hulle sonde te "dra". En dit is omdat dit die enigste manier was hoe hulle sonde vergewe kon word, of enige sonde vergewe kan word.

Ons vind dus hier, reeds vroeg in die Bybel, 'n kragtige uitdrukking van plaasvervanging, waar God self, in die persoon van Jesus, die volle prys en straf vir ons sondes sou betaal — God se voorafbeskikte plan vir die verlossing van die mensdom om sodoende getrou aan die beginsels van sy regering en wet te bly.

Baie eeue later het Petrus die volgende oor Jesus geskryf: "wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is" *(I Petrus 2:24)*.

Wat ons in die verhaal van Moses en hoe hy op hulle sondige dade gereageer het, sien, is hoe hy vir 'n gevalle, sondige volk ingetree het, en 'n voorloper was van wat Jesus vir ons sou doen *(lees Hebreërs 7:25)*.

Hy was *gewillig om sy eie lewe vir sy volk te gee*. Dink na oor die implikasie van hierdie woorde. Wat kan ons daaruit leer oor wat dit beteken om ander waarlik lief te hê?

Vervulling van profesie

Ten spyte van sommige misgissings wat die moderne wetenskap probeer bekragtig as waarheid (soos dat ons heelal "uit niks" ontwikkel het nie, of dat alle lewe op aarde per toeval ontstaan het uit eenvoudige chemikalieë), het die wetenskap ons nietemin sommige verbasende insigte in God se skeppingskrag gegee. Die harmonie, die balans, die presiesheid van baie aspekte van die sigbare wêreld, selfs in sy gevalle toestand, laat diegene wat dit bestudeer, in verwondering.

En as God dan so presies kan wees met fisiese dinge, sal hy beslis ook presies met geestelike dinge wees. Daarom sien ons so baie van God se ongelooflike presiesheid in die aanvangsverse van Deuteronómium.

Lees Deuteronómium 1:1–6. Wat is van profetiese belang dat Deuteronómium 1:3 oor die "veertigste jaar" praat?

_____

_____

Na die fiasko, toe Moses spioene vanaf Kades-Barnéa gestuur het om die land te gaan verken, en die volk daarna geweier het om die land binne te gaan — wat het gebeur? Aan hulle was gesê dat hulle nie die Beloofde Land sou binnegaan soos hulle gehoop het nie. En vir hoe lank sou hulle moes wag voordat hulle kon binnegaan? " ' "Volgens die getal dae dat julle die land verken het, veertig dae, vir elke dag een jaar, moet julle jul ongeregtighede dra, veertig jaar lank, en my teëstand gewaar word" ' " *(Númeri 14:34)*.

Die verhaal word in Deuteronómium voortgesit vanaf die veertigste jaar, net soos God dit voorspel het. Met ander woorde, God se profetiese Woord is net so betroubaar as God self, en wat ons hier in die beginverse van Deuteronómium sien, is meer bewyse van daardie betrouenswaardigheid; d.w.s., God sal doen wat Hy sê, en sal dit doen *wanneer* Hy gesê het Hy dit tot volvoering sal bring.

Hierdie was natuurlik nie die enigste profetiese tydperiode wat vervul was soos God gesê het nie. Deurdat ons vandag kan terugkyk, kan ons in Daniël 9:24-37 byvoorbeeld sien dat die tydperiode vir Jesus se eerste koms vervul was net soos die Here gesê het. Ons kan sien dat die "tyd en tye en die helfte van 'n tyd" *(Daniel 7:25; ook Openbaring 12:6 en 14, en Openbaring 13:5)* ook in die geskiedenis vervul was, asook die 2,300 dae van Daniël 8:14.

Daarbenewens het die presiese wêreldgebeurtenisse, die profesieë van Daniël 2, 7 en 8, wat so presies en met akkuraatheid voorspel was vir die wêreld se geskiedenis, aan ons 'n oorweldigende bewys van God se voorkennis, sy beheer en betroubaarheid gegee.

Ons sien dat die Here hierdie profesieë oor die verlede getrou vervul het net soos dit voorspel was. Waarom behoort dit aan ons sekerheid te gee dat ons Hom kan vertrou, dat die dinge wat Hy gesê het in die toekoms nog moet gebeur, sal gebeur?

Duisend maal meer as wat julle is

Na die lang swerftog in die woestyn het Moses (as ’n profeet, inderdaad meer as ’n profeet) namens die Here gesê: “Kyk, Ek gee die land aan julle oor, gaan in en neem die land in besit wat die Here aan julle vaders Abraham, Isak en Jakob met ’n eed beloof het om dit aan hulle te gee en aan hulle nageslag ná hulle.” *(Deuterónomium 1:8).*

Let egter op wat hierop volg.

Lees Deuteronómium 1:9–11. Wat beteken hierdie woorde, veral in die lig van die feit dat hulle eintlik deur God gestraf was vir die opstand by Kades-Barnéa?

_____

_____

Hier sien ons nog ’n voorbeeld van hoe genadig God is. Selfs terwyl hulle in die woestyn rondgeswerf het, het Hy hulle geseën: “‘En veertig jaar lank het U hulle onderhou in die woestyn, hulle het nie gebrek gehad nie; hulle klere het nie verslyt en hulle voete nie geswel nie’” *(Nehemía 9:21)*.

En Moses het weer sy liefde vir sy volk getoon en God gevra om hulle ’n duisend maal meer te laat vermeerder as wat God reeds gedoen het!

Lees Deuteronómium 1:12–17. Wat het gebeur omdat God hulle geseën het, en watter stappe het Moses geneem om die situasie die hoof te bied?

_____

_____

Selfs al was die Here so kragtig teenwoordig in hulle midde, was daar ’n behoefte om te organiseer en te struktureer, om ’n sisteem wat aanspreeklikheid kon handhaaf, in plek te kry. Israel was ’n qahal, ’n georganiseerde vergadering *(lees Deuteronómium 31:30)*, ’n voorloper van die Nuwe Testament se ekklesia, die Grieks vir “kerk” *(lees Matthéüs 16:18)*. En hoewel die konteks verskil het, het Paulus nooit ver van sy Joodse oorsprong wegbeweeg nie, en in I Korinthiërs 12 sien ons hoe hy duidelik die behoefte vir gekwalifiseerde kerklede uitbeeld om die verskeie rolle vir die behoorlike funksionering van die liggaam te vul, net soos ons hier in Deuteronómium daarvan en ook van die *qahal* in die woestyn lees. Die kerk vandag, net soos die *qahal* destyds, moet ’n verenigde liggaam van lede wees wat die verskeie rolle volgens hulle gawes vul.

Alhoewel ons soms hoor dat mense teen “georganiseerde” godsdiens uitvaar, erken die Woord van God, veral die Nuwe Testament, geen ander soort as ’n georganiseerde een nie. Wat sou hulle in die plek daarvan verkies, “ongeorganiseerde” godsdiens?

Kades-Barnéa

In die vroeë gedeelte van die boek van Deuteronómium is daar ’n spookbeeld teenwoordig, die skim van Kades-Barnéa. Hierdie hartseer verhaal, soos ons gesien het, vorm die onmiddellike agtergrond van die boek Deuteronómium, en dis waardevol om dit van naby te bekyk.

Lees **Númeri 14. Hoe het die volk op die verslag van die spioene gereageer, en wat was die gevolge van hulle reaksie?** *(Lees ook Deuteronómium 1:20–46.)*

_____

_____

Ons kan baie belangrike lesse uit hierdie verhaal aflei, maar een belangrike les wat weer ter sprake kom in die boek, word ook in Númeri 14 gevind.

Lees **Númeri 14:11–20. Waar ons Moses weer hier as middelaar sien intree, wat, volgens sy redenasie, is belangrik oor waarom die Here nie die volk moet vernietig nie?**

Dink oor wat Moses vir God gesê het. *As U hierdie ding doen, dink oor wat die Egiptenaars en die ander nasies in hierdie omgewing van U gaan sê.* Hierdie punt is belangrik, want, uiteindelik, was alles wat God vir Israel wou doen, nie net vir Israel bedoel nie; dit was ook vir die mensdom in die geheel bedoel. Die volk van Israel moes die lig van die wêreld wees, ’n getuienis aan die antieke volke oor die liefde en krag en verlossing wat die ware God aanbied in teenstelling met die waardelose afgode wat hierdie volke aanbid het.

Maar, soos Moses gesê het, as U hierdie volk uitwis, wat dan? Die nasies sou sê: “Omdat die HERE hierdie volk nie kon inbring in die land wat Hy hulle met ’n eed beloof het nie, het Hy hulle in die woestyn omgebring” *(Númeri 14:16)*.

Met ander woorde, wat ons hier sien, is ’n tema wat regdeur die Bybel gevind word: die idee dat God deur sy volk verheerlik moet word — dat die heerlikheid en die goedheid en liefde en krag van God in sy kerk geopenbaar moet word, deur wat Hy vir en deur sy volk doen. Natuurlik maak hulle dit nie altyd maklik vir Hom om dit te doen nie, maar God sal uiteindelik verheerlik word deur sy handelinge op aarde.

Lees Efésiërs 3:10. Wat sê Paulus hier, en hoe gebeur dit? Hoe word die “menigvuldige wysheid” van God aan die heelal bekendgemaak? Wat is elkeen van ons se rol, indien enige, om dit te laat gebeur?

Die ongeregtigheid van die Amoriete

In Deuteronómium 2 en 3 gaan Moses voort om Israel se geskiedenis te vertel, en hoe hulle, deurdat God hulle geseën het, hulle vyande verjaag het; wanneer hulle getrou was, het God hulle oorwinnings gegee, selfs oor mense wat "hoog van gestalte" was *(Deuteronómium 2:11, 20 en 3:13)*.

Natuurlik herinner dit ons aan 'n moeilike onderwerp wat ons ten minste net kortliks kan noem, naamlik die uitwissing van hierdie mense. Hoewel die kinders van Israel dikwels eers met 'n nasie onderhandel het *(Deuteronómium 20:10, 11)*, en dan wanneer die nasie nie hulle aanbod aanvaar het nie, het hulle die nasie, vroue en kinders ingesluit, soms uitgeroei. "'En die HERE onse God het hom aan ons oorgegee, sodat ons hom en sy seuns en sy hele volk verslaan het. En ons het in dié tyd al sy stede ingeneem en elke stad met die banvloek getref, manne en vroue en kinders; ons het niemand laat vryraak nie.' " *(Deuteronómium 2:33, 34)*.

Sommige probeer om hierby verby te kom deur doodeenvoudig te sê dat hierdie verhale nie waar is nie. Maar, omdat ons glo dat "die hele Skrif deur God ingegee [is] en nuttig [is] tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid" *(II Timótheüs 3:16)*, is hierdie redenasie nie aanvaarbaar vir Sewendedag-Adventiste nie. Die moeilike vraag oor hierdie insidente bly dus by ons.

Lees **Génesis 15:1–16. Wat het God vir Abram in Génesis 15:16 gesê; hoe werp dit 'n bietjie lig op hierdie moeilike onderwerp?**

_____

_____

Daar is geen twyfel dat baie van hierdie heidense nasies uitermate brutaal en wreed was nie, en dus eintlik regverdiglik die toorn en straf van God lank voor hierdie tyd verdien het. En dit is waar dat selfs indien God geduldig vir hulle gewag het om hulle gewoontes te verander, en hulle het nie — sou dit nog nie die werklikheid met betrekking tot die doodmaak van almal, insluitende die kinders, verander het nie. (Natuurlik het baie meer kinders tydens die vloed gesterf as wat deur die Israeliete doodgemaak was.)

Dit is 'n feit dat ons nou, gegewe die beperkte inligting wat ons oor die volle omvang van die gebeure het, die werklikheid moet aanvaar en op die goedheid van God wat op so baie ander maniere aan ons geopenbaar word, moet vertrou. Geloof gaan nie net daaroor om God op 'n pragtige dag in 'n mooi woud met wonderlike tonele en klanke lief te hê nie. Dit gaan ook oor om Hom te vertrou ten spyte van wat ons nie ten volle verstaan nie.

Lees I Korinthiërs 10:1–4 en Johannes 14:9. Hoe help hierdie verse, en baie ander soortgelyke verse, ons om te leer om op die liefde, regverdigheid en goedheid van God te vertrou, selfs wanneer ons dinge sien wat nie met hierdie begrip van God ooreenkom nie?

Vir verdere studie: Lees hieronder hoe ’n geleerde probeer om die moeilike vrae oor wat die Israeliete aan sommige van hierdie nasies gedoen het, te beantwoord:

“Omdat Hy die Skepper van alles en van alle mense is, en omdat Hy die Oppermag oor almal het, kan God enigiets met enigiemand doen en reg wees in wat Hy doen. . . .

“Die weë van God is ’n verborgenheid. Aangesien ons Hom nooit heeltemal sal verstaan nie, kan ons net so wel ontspan wat hierdie vrae betref. Jesaja 55:8–9 bied aan ons ’n bietjie vertroosting.

“Volgens die bybelse beskrywing van die Kanaäniete was hulle uiters boos, en hulle uitwissing het die oordeel van God oor hulle sondes verteenwoordig. Die uitwissing van die Kanaäniete was nie die eerste of die laaste keer wat God dit sou doen nie. Die verskil tussen die Kanaäniete se lot en die lot van die mensdom (behalwe Noag se gesin) soos wat Génesis 6-9 dit beskryf, sluit die omvang daarvan in en wie daarvoor verantwoordelik is. …

“God het nooit beplan dat die Israeliete die beleid van “herem” [totale uitwissing] as ’n algemene beleid teenoor buitestaanders moes toepas nie. Deuteronómium 7:1 identifiseer die nasies uitdruklik en het sodoende die beoogde groepe mense afgebaken. Die Israeliete was nie toegelaat om hierdie beleid op die Arameërs of Edomiete of Egiptenare, of enigiemand anders toe te pas nie (cf. Deuteronómium 20:10–18) …

“Die Kanaäniete se lot sal uiteindelik alle sondaars se lot wees: die oordeel van God . . . .

“God se uitwissing van die Kanaäniete was ’n noodsaaklike stap in die geskiedenis van die verlossingsplan. . . .

“Alhoewel die Kanaäniete in sy geheel teikens van God se oordeel was, was hulle ten minste veertig jaar vooruit gewaarsku (lees Ragab se belydenis in Josua 2:8–11).” — Daniel I. Block, *The NIV Application Commentary: Deuteronomy* (Grand Rapids, Mich.: Zondervan, 2012), bl. 98-99, (vry vertaal).

Vrae vir bespreking:

❶ Dink na oor hoe ons die millennium nou verstaan, wanneer ons ’n duisend jaar sal hê om al ons vrae beantwoord te kry. Hoe kan hierdie begrip ons help om te leer om op God te vertrou ten spyte van watter moeilike vrae ons nou ook al mag hê?

❷ Wat is sommige van die maniere hoe God jou in die verlede gelei het wat jou kan help om Hom in die toekoms te vertrou? Waarom is dit belangrik om nie te vergeet hoe God reeds in ons lewens gelei het nie?

❸ Hersien in u klastyd, die vraag aan die einde van Sondag se studie oor Moses se gewilligheid om sy eie siel vir sy volk op te offer. Is dit ’n regte gesindheid? Wat, indien daar iets is, is dit werd om jou siel voor op te offer, veral wanneer jy daaraan dink wat dit gekos het om dit te red?